Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JULIE 2018

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

BEGROTING 2018/19: WAT OM TE VERWAG

By 'n vergadering wat op 30 Mei 2018 gehou is, het die Raad Munisipaliteit Overstrand se hersiene 2018/19-geïntegreerde ontwikkelingsplan sowel as die plaaslike owerheid se bedryf- en kapitaalbegroting vir 2018/19 goedgekeur ooreenkomstig die plaaslike owerheid se mediumtermyn-inkomste-en-uitgaweraamwerk (MTUR). Die nuwe munisipale begroting en hersiene geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) sal vanaf 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019 geld. Afskrifte van die hersiene GOP en dokumentasie verwant aan die goedgekeurde begroting lê ter insae by die kantore van alle areabestuurders, alle openbare biblioteke binne die munisipale gebied en op die munisipaliteit se webwerf (gaan na **www.overstrand.gov.za**, klik op "strategic documents" en dan op "budget" of "IDP"). Volgende op die voorlegging van die konsepbegroting aan die einde van Maart is kommentaar en 'n paar besware van die publiek ontvang. Daar is ag geslaan op alle kommentaar, en in sommige gevalle is veranderings aan die begroting aangebring.

Tesame gaan die begrote bedryf- en kapitaalbesteding vir 2018/19 R1,328 biljoen beloop (R1,134 biljoen bedryf + R194,2 miljoen kapitaal). Die koste vir die verbruiker is beperk tot 'n basislynstyging van 6% op eiendomsbelasting en verbruikersdienste, met die uitsondering van elektrisiteit vanaf Eskom waar die styging gemiddeld 6,84% sal wees.

KAPITAALBEGROTING

Ten tyde van die voorlegging van die 2018/19-begroting het die Burgemeester beklemtoon dat die munisipaliteit sal aanhou om oor die lang termyn in grootmaatinfrastruktuur sowel as die opgradering daarvan te belê, wat basies daarop neerkom dat verouderde en lekkende hoofwaterleidings vervang gaan word terwyl projekte vir die opgradering van die rioleringsnetwerk ook onderneem sal word. Die voorgestelde kapitaalbegroting vir 2018/19 beloop R194,2 miljoen, 'n toename van 66,5% vanaf die 2017/18 aangesuiwerde begroting van R116,6 miljoen. Kapitaalbesteding vanuit eie fondse sal R132,2 miljoen beloop, wat gedeeltelik befonds gaan word deur 'n eksterne lening van R54 miljoen. Voorts is 'n bedrag van R6,5 miljoen vir wykspesifieke projekte geoormerk, wat neerkom op R500 000 in elk van die 13 wyke.

BEDRYFSBEGROTING

Die goedgekeurde bedryfsbegroting vir 2018/19 beloop R1,134 biljoen vergeleke met die huidige aangesuiwerde begroting van R1,052 biljoen en verteenwoordig 'n styging van 7,8%. Salarisse, lone en toelaes beloop R378 miljoen of 33.3% van die bedryfsbegroting. Hierdie syfer sluit die vergoeding van raadslede in. In afwagting op die resultaat van nasionale loononderhandelings, maak hierdie ramings voorsiening vir 'n salarisverhoging van 7%. [Onderhandelings oor salarisverhogings vir munisipale werknemers is nog nie op nasionale vlak gefinaliseer nie; gevolglik is voorsiening vir 'n jaarlikse salarisaanpassing van 7% in hierdie begroting gemaak.] Die begroting maak ook voorsiening vir 'n nulbasisbenadering tot alle uitgawes waaroor beheer uitgeoefen kan word. Desnieteenstaande het die behoefte om skaars kommoditeite soos water optimaal te bestuur en die styging in die prys van elektrisiteit en die koste van chemikalieë wat vir watersuiwering benodig word tog 'n impak op bedryfskoste gehad.

BEGROTE INKOMSTE

Die totale begrote inkomste vir 2018/19 beloop R1,080 biljoen, kapitaaltoekennings uitgesluit. Dit is vergeleke met 'n aangesuiwerde begroting van R1,048 biljoen in 2017/18, en verteenwoordig 'n styging van 3,1%. Die basiese heffing vir elektrisiteit sal met 9% styg. Om hiervoor te kompenseer, sal eenhede soos volg styg: Eerste 350 eenhede met 5,8%; volgende 250 eenhede met 6,1%; alle eenhede bó 600 met 6,85%. Vir water en riolering is die tariewe bepaal na gelang van die koste van dienslewering, met 'n gemiddelde styging van 6%. Die bloktariewe vir watergebruik is egter geherstruktureer gegrond op die tarief vir 0 – 6 kℓ water, 'n tarief wat met 11,5% styg en R3.60 (BTW ingesluit) per maand beloop. Dit stem ooreen met 'n direktief van die Nasionale Tesourie wat spesifiseer dat die vlak en struktuur van watertariewe ten volle kostedoeltreffend moet wees.Tans beloop die koste vir die verskaffing van water ± R24 per kℓ. Spoelriolering vir enkel- en intermediêre residensiële eenhede sal teen 70% van verbruikte drinkwater bereken word met 'n boperk van 35 kℓ. Spoelriolering vir algemene residensiële eenhede (woonstelblokke) sal bereken word teen 90% van verbruikte drinkwater met 'n boperk van 50 kℓ. Ten opsigte van spoelriolering sal alle eiendomme ook 'n basiese heffing betaal na gelang van die klassifikasie van die diens.

Die tariewe vir afvalverwydering sal ingevolge die 2018/19-begroting met 6% styg.

BEOOGDE PLANNE OM JOU AREA TE ONTWIKKEL EN TE VERBETER

Te danke aan kontant komende van bedrywe, met inbegrip van onlangse grondverkope, het Munisipaliteit Overstrand daarin geslaag om sy kapitaalbegroting met 66,6% te verhoog, vergeleke met die 2017/18 aangesuiwerde begroting.Tans beloop die kapitaalbegroting R194.2 miljoen. Eie befondsing het 34,8% tot hierdie syfer bygedra, en na verwagting sal fondse wat intern voortgebring word (25,7%) en kapitaaltoekennings (39,5%) die restant dek. Nadat daar in oorlegpleging met verteenwoordigers vanuit alle gemeenskappe oor die kapitaalbegroting ooreengekom is, is 'n ooreenkoms bereik dat 46% van hierdie plaaslike owerheid se kapitaalbegroting aan die volgende projekte bestee sal word:

Projekbeskrywing	Wyk	Bedrag
BLOMPARKPROJEK (BEHUISING)	Wyk 02	R16 313 610
AWBA-OPGRADERING - STANFORD	Wyk 11	R16 177 180
HERMANUS: MS- en LS-OPGRADERING (ELEKTRISITEIT)	Wyk 03	R10 150 000
IMPLEMENTERING: WATERMEESTERPLAN	Overstrand	R10 000 000
MASAKHANE (BEHUISING)	Wyk 01	R8 449 062
OPGRADERING: HERMANUS-BOORGATE FASE 1	Wyk 04	R7 000 000
NUWE RESERVOIR VIR PRINGLEBAAI	Wyk 10	R5 862 505
STANFORD-IRDP (BEHUISING)	Wyk 11	R5 517 519
VOERTUIE - RIOLERING	Overstrand	R5 050 000
HAWSTON INDUSTRIËLE EN SAKEKERN	Wyk 08	R5 000 000

2018/19-BEGROTING IN 'N NEUTEDOP

Totale inkomste

R1,080 miljoen - styg met 3,1%: Hierdie styging is te danke aan 'n toename in toekenningsbefondsing, wat 'n addisionele billike deel van R11.8 miljoen insluit sowel as befondsing vir behuisingstrukture wat R23.6 miljoen beloop.

Totale besteding

R1,134 biljoen - styg met 7,8%: Die tekort van R54.0 miljoen tussen bedryfsinkomste en -besteding word toegeskryf aan niekontantitems, waarvan die grootste waardevermindering is. Wanneer ander kontantvloei egter verreken word, soos die delging van eksterne lenings, sal Overstrand 'n kontantoorskot realiseer.

Eiendomsbelasting

Styg met 6,0% op residensiële en kommersiële eiendom, sowel as op onontwikkelde erwe.

Elektrisiteit

Basiese elektrisiteitsheffing styg met 9,0%. Verbruiksskoste sal trapsgewys oor stygende blokke gemiddeld met tussen 5,8% en 6,85% styg.

Water

Slegs hulpbehoewende huishoudings ontvang die eerste 6 kℓ gratis. 'n Styging van 11,5% sal van toepassing wees op waterverbruik wisselende van 0 tot 6 kℓ per maand.

Riolering

Tariewe vir die verwydering van riool sal met 6% styg.

Afvalverwydering

Die tarief vir afvalverwydering sal met 6% styg.

Kapitaalbegroting: Die 66,6%-styging in die kapitaalbegroting (wat R194.2 miljoen beloop) is gedeeltelik te danke aan kapitaalbefondsing in die vorm van eksterne lenings sowel as hoër dan verwagte surplusfondse in die onderskeie boekjare. Kortom kan hierdie styging hoofsaaklik toegeskryf word aan addisionele projekte wat R16.6 miljoen beloop, addisionele oorrolprojekte vanaf 2017/18 wat R6.0 miljoen beloop en die jaar-op-jaar-fluktuasie in die toekenning vir behuising wat tussen bedryf (bostrukture) en kapitaal (infrastruktuur) varieer. In die reël word 'n beraamde R100 m jaarliks benodig om kapitale infrastruktuur te handhaaf.

2018/19 KAPITAALPROJEKTE IN VERSKILLENDE WYKE



Infrastruktuur-ontwikkeling in u gebied

Die meegaande tabel bied 'n breë oorsig van kapitaalprojekte vir 2018/19

Let asseblief daarop dat die infrastruktuuruitgawes nie beperk is tot die projekte wat vir elke wyk aangedui word nie. Benewens die projekte wat onder Overstrand gelys is, is daar ook geïntegreerde projekte wat tussen wyke gedeel sal word.

Overstrand	**R43 400 610,00**
Inligting- en kommunikasietegnologie	3 766 000
Voertuie	15 345 267
Brandweerdienste	2 480 000
GKTV-kameras	500 000
Meganiese kake	800 000
Elektrisiteit	1 000 000
Water	10 800 000
Riolering	6 725 343
Waterfasiliteite (onvoorsiene uitgawes)	200 000
Rioleringsfasiliteite (onvoorsiene uitgawes)	500 000
Kleiner bates	1 284 000

Wyk 01 - Franskraal en Masakhane;	**R11 542 062,00**
Masakhane SPEELPARKE	80 000
Masakhane MASAKHANE BEHUISINGSPROJEK	8 449 062
Masakhane NUWE SYPAADJIES	100 000
Franskraal FRANSKRAAL, KLEINBAAI & BIRKENHEAD: MS/LS & MINI-SUB-OPGRADERING	2 500 000
Masakhane STORMWATER (AD HOC)	30 000
Franskraal STORMWATER (AD HOC)	50 000
Masakhane MASAKHANE-BEHUISINGSPROJEK GROOTMAAT-STORMWATER	293 000
Masakhane AANKOOP VAN AFVALHOUERS	40 000

Wyk 02 - Gansbaai, De Kelders, Kleinbaai en Blompark;	**R27 811 766,00**
Gansbaai VEILIGHEIDSHEINING: KANTOORGEBOU	100 000
Blompark VROEËKINDERONTWIKKELING - STRUKTURE	100 000
Blompark BEGRAAFPLAAS	70 000
Kleinbaai GETYPOEL & SPEELPARK	50 000
Blompark BLOMPARK BEHUISINGSPROJEK	16 313 461
Beverly Hills BEVERLY HILLS-UISP (BEHUISING)	2 223 305
Blompark REHABILITASIE PAAIE - BLOMPARK	2 000 000
Blompark/Kleinbaai OPGRADERING VAN SYPAADJIES	100 000
De Kelders VERKEERSBEDARING	30 000
Blompark OPGRADERING - GROOTMAATWATER	3 514 000
Blompark VERSKAFFING VAN GROOTMAATRIOLERING	3 261 000
Gansbaai STORMWATER (AD HOC)	50 000

Wyk 03 - Hermanus en gedeelte van Westcliff;	**R26 417 184,00**
Hermanus HERMANUSSPORTKOMPLEKSPROJEK	5 017 184
Hermanus SSB-HERLEWINGSPROGRAM	3 000 000
Hermanus SSB-HERNUWING - OPGRADERING VAN HOOGSTRAAT	200 000
Hermanus HERMANUS: MS/LS-OPGRADERING/VERVANGING (ELEKTRISITEIT)	10 150 000
Hermanus VERLENGING VAN RIOOLPYPLYN 12de STRAAT VOËLKLIP	250 000
Hermanus STORMWATER - FASE 1 - NYWERHEIDSGEBIED	3 800 000
Hermanus STORMWATER - HOOF- & HOOGSTRAAT	4 000 000

Wyk 04 - Mount Pleasant, Hemel-en-Aarde Valley en gedeelte van Westcliff;	**R8 920 501,00**
Hemel & Aarde WETSTOEPASSINGSFASILITEITE: VERANDERINGS EN AANBOUINGS	1 420 501
Westcliff WESTCLIFF-SPOEDBEDARINGSMAATREËLS	225 000
Westcliff OPGRADERING AAN AREA VOOR HUIS LETTIE THERON 50 000	
Mount Pleasant SPOEDBEDARINGSMAATREËL (ANGELIER, DAHLIA, MALVA, ORGIDEE)	75 000
Mount Pleasant SYPAADJIES (HEIDE UITKYK, CHINA TOWM, DAHLIA, ANGELIER, ASTER)	150 000
Hermanus OPGRADERING: HERMANUSBOORGATE FASE 1	7 000 000

Wyk 05 - Zwelihle Suid;	**R2 000 000,00**
Zwelihle GKTV-KAMERAS	100 000
Zwelihle ZWELIHLE-PROJEK - DEURGANGSKAMP (166)	1 500 000
Zwelihle SPOEDBEDARINGSMAATREËLS (SOBUKHWE, STEVE BIKO)	50 000
Zwelihle SYPAADJIE MAMSUKWENI	100 000
Zwelihle STRAATLIG HLOBO-STRAAT (OORKANT BIBLIOTEEK)	250 000

Wyk 06 - Zwelihle Noord;	**R1 883 950,00**
Zwelihle OMHEINING VAN LANGESTRAAT, LUSIBA-BASKETBALBAAN, NXUMALOSTRAAT	150 000
Zwelihle DAK & VEILIGHEIDSHEKKE VIR ZWELIHLE-BOKSGIMNASIUM	40 000
Zwelihle AANKOOP VAN SPEELPARKTOERUSTING - MSHENXISWA VILLAGE	60 000
Zwelihle INSTALLERING VAN ASTRO TURF	100 000
Zwelihle OPRIGTING VAN SPEELTOERUSTING EN SITPLEKKE	60 000
Zwelihle ZWELIHLE-PROJEK - MANDELA-PLEIN	1 463 950
Zwelihle KERSLIGGIES	10 000

Wyk 07 - Sandbaai;	**R2 500 000,00**
Sandbaai NUWE STRATE, SYPAADJIES & PARKEERAREA	500 000
Sandbaai TEER VAN PAAIE - SANDBAAI	2 000 000

Wyk 08 - Hawston, Fisherhaven en Honingklip;	**R13 106 746,00**
Fisherhaven GKTV / SEKURITEIT – INGANG TOT FISHERHAVEN & SLEEPHELLING	120 000
Hawston HAWSTON INDUSTRIËLE (SAKE-) KERN	5 000 000
Hawston OMHEINING VAN THUSONG-SENTRUM	1 234 506
Hawston OMHEINING VAN HAWSTON-KAMPEERTERREIN	1 956 240
Fisherhaven OPGRADERING VAN SPEELPARK BY SLEEPHELLING	10 000
Hawston OPGRADERING VAN HAWSTON-SPORTGRONDE FASE 1	1 500 000
Hawston HAWSTON-BEHUISINGSPROJEK: BUSROETE	1 336 000
Hawston KERSLIGGIES	30 000
Hawston NUWE STRAATLIGTE - KLINIEK-, LANG-, KOPJESTRAAT	40 000
Hawston HAWSTON: MS/LS-OPGRADERING/VERVANGING	1 750 000
Hawston HAWSTON: STORMWATER IN SLOTTE	130 000

Wyk 09 - Kleinmond, Mountain View en Palmiet;	**R6 750 000,00**
Kleinmond VEILIGHEIDSKAMERAS BY INGANG TOT DORP	20 000
Kleinmond BEGRAAFPLAAS - KLEINMOND	500 000
Kleinmond BUITEMUURSE TRIM-GIM - HOOFSTRAND	70 000
Kleinmond OMHEINING BY NETBALBAAN	30 000
Kleinmond OMHEINING VAN VOETPAADJIE (HEUNINGKLOOF)	80 000
Kleinmond KLEINMOND: OPGRADERING VAN MS/LS-NETWERK	1 750 000
Kleinmond KLEINMOND: UITBREIDING VAN RIOOLNETWERK	4 000 000
Kleinmond UITBREIDING VAN RIOOLNETWERK (BERGLANE)	300 000

Wyk 10 - Bettysbaai, Pringlebaai, Rooiels, Overhills en Proteadorp;	**R9 292 505,00**
Hangklip Area VEILIGHEIDSKAMERAS BY INGANGE - HANGKLIPAREA	50 000
Bettysbaai OPGRADERING VAN BETTYSBAAI-BIBLIOTEEK	30 000
Rooiels BESTRATING VAN ANEMOONWEG IN ROOI ELS	150 000
Pringlebaai KONSTRUKSIE VAN SYPAADJIE - PRINGLEBAAI	50 000
Proteadorp BUSSKUILING - PROTEADORP	100 000
Pringlebaai NUWE RESERVOIR VIR PRINGLEBAAI	5 862 505
Bettysbaai STORMWATERPYPE - TOEGANGSROETE BETTYSBAAI	50 000
Overhills STORMWATER - OVERHILLS	3 000 000

Wyk 11 - Stanford, Baardskeerdersbos, Pearly Beach, Viljoenshof, Withoogte en Buffeljachts;	**R27 079 737,00**
Stanford GKTV-KAMERAS	100 000
Buffeljachts OPGRADERING VAN BUFFELJAGSBAAI CRÈCHE	65 000
Eluxolweni OPGRADERING VAN ELUXOLWENI-BIBLIOTEEK	420 000
Buffeljachts OPGRADERING VAN OPENBARE SLEEPHELLING	50 000
Stanford STANFORD-IRDP (BEHUISING)	5 517 519
Stanford REHABILITASIE VAN PAAIE - STANFORD	2 000 000
Pearly Beach OORHOOFS VERKEERSBEDARING	50 000
Thembelihle VERKEERSBEDARING	50 000
Stanford STANFORD: MS-OPGRADERING (ELEKTRISITEIT)	1 000 000
Stanford WATERSTABILISERINGSAANLEG VIR STANFORD	1 500 000
Stanford AWBA-OPGRADERING - STANFORD	16 177 218
Pearly Beach STORMWATER (AD HOC)	50 000
Baardskeerdersbos STORMWATER (AD HOC)	50 000
Thembelihle STORMWATER (AD HOC)	50 000

Wyk 12 - Zwelihle Noordwes;	**R3 400 000,00**
Zwelihle AANKOOP VAN SPEELPARKTOERUSTING: LANDA-, SIYAZAMA-STRAAT	30 000
Zwelihle AANKOOP VAN TOERUSTING VIR BUITENSHUISE GIM	20 000
Zwelihle AANKOOP VAN HOUERS VIR AANTREKKAMERS BY JIKELEZA	70 000
Zwelihle OPRIGTING VAN SPEELPARKTOERUSTING EN SITPLEKKE	80 000
Zwelihle INSTALLERING VAN ASTRO TURF	100 000
Zwelihle VANGPUTTE VIR WYK 12-STRATE (QHAYIYA, MANDELA, LUXOLWENI)	100 000
Zwelihle OPGRADERING VAN ZWELIHLE-RIOOL	3 000 000

Wyk 13 - Onrus en Vermont.	**R4 420 000,00**
Onrus/Vermont HERONTWERP VAN ONRUS-STRANDGEBIED	40 000
Onrus/Vermont WANDELLAAN LANGS ATLANTIC-RYLAAN	160 000
Onrus/Vermont SYPAADJIES - DOUGLASSTRAAT	50 000
Onrus/Vermont SYPAADJIE AAN WESTELIKE KANT VAN NEGESTER, ONRUS HOOFWEG	70 000
Onrus/Vermont STRAATLIGTE	30 000
Onrus OPGRADERING VAN KIDBROOKE-PYPLYN	4 020 000
Onrus/Vermont SHEARWATER-SINGEL: STORMWATERKANAAL MOET GELEI WORD	50 000

MULTI-WYK- / MULTI-DIENS-INFRASTRUKTUURPROJEKTE	**R5 712 000,00**
Gansbaai FKRAAL, KBAAI & BHEAD: NUWE 66/11KV-SUBSTASIE	
Gansbaai NUWE 4ML-RESERVOIR	
Hermanus ELEKTRIFISERING VAN LAEKOSTEBEHUISINGSGEBIEDE (INEP)	4 262 000
HM-KM-BUFFELSRIVIER- EN DE BOSDAM-INLAATSTRUKTURE EN -TOERUSTING	1 200 000
Gansbaai OPGRADERING: GANSBAAIBIBLIOTEEK	150 000
Gansbaai KLEINER BATES - RUIMTES VIR SPORT	100 000

MUNISIPALE REKENINGE: HOE 2018/19 SE MAANDELIKSE MUNISIPALE REKENINGE SAL LYK

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2018/19				
Hoë verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie: R3 500 000	Jaar 2017/18	Jaar 2018/19	Bedrag	% Verhoog
Belasting	1 170,70	1 240,94	70,24	6,00
Riool* Tarief Kode: **SE7A1+SE8A**	536,31	568,69	32,38	6,04
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	53,54	11,84	28,39
Vullis **Een keer per week**	155,04	164,35	9,31	6,01
Water 50 kℓ	1 020,71	1 083,43	62,73	6,15
BTW 15%	263,06	280,50	17,44	6,63
SUBTOTAAL	**3 187,51**	**3 391,46**	**203,95**	**6,40**
Elektrisiteit Voorafbetaalde Meter 1500 kWh	2 659,14	2 853,84	194,70	7,32
BTW 15%	398,87	428,08	29,21	7,32
TOTAAL	**6 245,53**	**6 673,38**	**427,85**	**6,85**
HPB indien van toepassing	*117,07*	*124,09*	*7,02*	*6,00*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2018/19				
Sub-ekonomiese Verbruik (Deernis) Waardasie: R100 000	Jaar 2017/18	Jaar 2018/19	Bedrag	% Verhoog
Belasting	0,00	0,00	0,00	0,00
Riool* Tarief Kode: **SE7A1**	0,00	0,00	0,00	0,00
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	53,54	11,84	28,39
Vullis **Een keer per week**	0,00	0,00	0,00	0,00
Water 10 kℓ	0,00	0,00	0,00	0,00
BTW 15%	6,26	8,03	1,78	28,39
SUBTOTAAL	**47,96**	**61,57**	**13,62**	**28,39**
Elektrisiteit Voorafbetaalde Meter 350 kWh	150,45	160,23	9,78	6,50
BTW	22,57	24,03	1,47	6,50
TOTAAL	**220,97**	**245,83**	**24,86**	**11,25**
HPB indien van toepassing				

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2018/19				
Medium verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie: R25 000 00	Jaar 2017/18	Jaar 2018/19	Bedrag	% Verhoog
Belasting	831,37	881,25	49,88	6,00
Riool* Tarief Kode: **SE7A1+SE8A**	322,43	341,89	19,46	6,04
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	53,54	11,84	28,39
Vullis **Een keer per week**	155,04	164,35	9,31	6,01
Water 25 kℓ	387,97	412,73	24,76	6,38
BTW 15%	136,07	145,88	9,81	7,21
SUBTOTAAL	**1 874,56**	**1 999,63**	**125,07**	**6,67**
Elektrisiteit Voorafbetaalde Meter 800 kWh	1 361,83	1 461,57	99,74	7,32
BTW 15%	204,28	219,24	14,96	7,32
TOTAAL	**3 440,67**	**3 680,44**	**239,77**	**6,97**
HPB indien van toepassing	*83,14*	*88,12*	*4,99*	*6,00*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - SAKE 2018/19				
Sake - Medium (Drie-fase) Waardasie: R3 200 000	Jaar 2017/18	Jaar 2018/19	Bedrag	% Verhoog
Belasting	2 056,00	2 179,36	*123,36*	6,00
Riool* Tarief Kode: **SE7D1+SE8A 1**	548,53	581,65	*33,12*	6,04
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	53,54	*11,84*	28,39
Vullis **Een keer per week 3**	465,11	493,05	*27,94*	6,01
Water 40 kℓ	780,84	827,69	*46,85*	6,00
BTW 15%	275,43	293,39	*17,96*	6,52
SUBTOTAAL	**4 167,60**	**4 428,68**	***261,08***	**6,26**
Elektrisiteit Kredietmeter 7000 kWh	11 818,34	12 645,04	*826,70*	7,00
BTW 15%	1 772,75	1 896,76	*124,01*	7,00
TOTAAL	**17 758,69**	**18 970,47**	***1 211,78***	**6,82**
HPB indien van toepassing	*205,60*	*217,94*	*12,34*	*6,00*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2018/19				
Lae verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie: R1 000 000	Jaar 2017/18	Jaar 2018/19	Bedrag	% Verhoog
Belasting	322,37	341,71	19,34	6,00
Riool* Tarief Kode: **SE7A1+SE8A**	262,54	278,39	15,85	6,04
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	53,54	11,84	28,39
Vullis **Een keer per week**	155,04	164,35	9,31	6,01
Water 15 kℓ	240,98	256,92	15,94	6,62
BTW 15%	105,04	112,98	7,94	7,56
SUBTOTAAL	**1 127,65**	**1 207,88**	**80,23**	**7,11**
Elektrisiteit Voorafbetaalde Meter 600 kWh	991,18	1 063,78	72,60	7,33
BTW 15%	148,68	159,57	10,89	7,33
TOTAAL	**2 267,51**	**2 431,23**	**163,72**	**7,22**
HPB indien van toepassing	*32,24*	*34,17*	*1,93*	*6,00*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ONBEBOUDE ERWE 2018/19				
Waardasie gemiddeld	Jaar 2017/18	Jaar 2018/19	Bedrag	% Verhoog
Waardasie: R250,000				
Belasting	145,21	153,92	8,71	6,00
Riool kan verbind Beskikbaarheid	108,54	115,09	6,55	6,03
Vullis Beskikbaarheid	77,51	82,17	4,66	6,02
Elektrisiteit Beskikbaarheid	267,52	291,60	24,08	9,00
Water Beskikbaarheid	121,83	129,14	7,31	6,00
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	53,54	11,84	28,39
BTW 15%	92,56	100,73	8,17	8,82
TOTAAL	**854,86**	**926,18**	**71,32**	**8,34**
HPB indien van toepassing	*14,52*	*15,39*	*0,87*	*6,00*

DRINKWATER EN RIOOLWERKE-UITVLOEISEL KWALITEIT RESULTATE

OKTOBER 2017 - MAART 2018 BESKRYWING VAN TOETS	EENHEID	DWS ALGEMENE MAGTIGING-STANDAARDE (Van toepassing op alle WWTW's behalwe Hermanus)	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN RIOOLWERKE-UITVOEISEL KWALITEIT VIR:					Hermanus Permit magtiging-Standaarde
			GANSBAAI	HAWSTON	STANFORD	KLEINMOND	HERMANUS	
pH	(pH)	5.5-9.5	6,8	7,8	7,5	7,6	7,5	5.5-9.5
Elektriese geleidingsvermoë	(mS/m)	150	136	151	135	117	207	5000
Fekale koliforme bakterie	(telling/100mℓ)	1000	34	111	60	22	93	1000
Chemiese suurstofvraag	(mg/ℓ)	75 Maks	48	64	56	57	51	75 Max
Ammoniakstikstof	(mg/ℓ as N)	6 Maks	0,3	2	2	21	4	7 Max
Nitraatstikstof	(mg/ℓ as N)	15 Maks	10	1	14	3	2	17 Max
Nitraatstikstof	(mg/ℓ as N)		0,2	0,2	0,3	0,2	0,2	
Totale swewende vaste stowwe	(mg/ℓ)	25 Maks	6	10	10	14	8	25 Max
Orto-fosfaat	(mg/ℓ as P)	10 Maks	5	3	7	6	4	10Max

OKTOBER 2017 - MAART 2018 BESKRYWING V AN TOETS	EENHEID	STANDAARD VOLGENS SANS 0241	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN DRINKWATER KWALITEIT:								
			Buffelsrivier (Rooi Els, Pringlebaai en Betty's Baai	Kleinmond	Hermanus	Stanford	Gansbaai	De Kelders	Pearly Beach	Baards-keerders-bos	Buffels-jagsbaai
pH	pH-eenhede	≥ 5 to ≤ 9,7	6,9	7,3	8,0	8,1	7,7	7,9	7,6	9,0	7,8
Elektriese geleidingsvermoë	mS/m	≤ 170	31	25	49	74	87	57	49	56	165
Troebelheid	NTU	≤ 1	0,7	0,2	0,5	0,2	0,3	0,2	0,3	0,4	0,4
Kleur	mg/ℓ as Pt-Co	≤ 15	5	4	5	3	4	4	7	5	5
Yster	µg/ℓ as Fe	≤ 300	24	24	120	-	21	-	48	63	27
Mangaan	µg/ℓ as Mn	≤ 100	-	-	39	-	-	-	-	20	19
Aluminium	µg/ℓ as Al	≤ 300	70	68	136	-	118	-	31	-	45
E.coli	Telling/100mℓ	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Die departement van water en sanitasie beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting publiseer oor die gehalte van drinkwater wat aan verbruikers verskaf word.

Die gehalte van drinkwater word gemeet teen 'n Suid-Afrikaanse nasionale standaard wat as Kode 0241 bekend staan.

Die meegaande tabel weerspieël die gemiddelde tellings wat Overstrand se waterbehandelingsaanlegte vir die tydperk Oktober 2017 tot Maart 2018 in hierdie verband behaal het.

Let daarop dat watermonsters maandeliks deur 'n geakkrediteerde laboratorium versamel word wat dan 'n hele reeks toetse teen verskeie bakteriologiese, chemiese en fisiese parameters uitvoer.

In die onwaarskynlike geval dat die gehalte van drinkwater nie aan SANS 0241 voldoen nie, sal Munisipaliteit Overstrand dadelik regstellings aan sy watersuiwering-en-verspreiding-snetwerk aanbring om te verseker dat die saak onverwyld reggestel word en dat monsters weer eens ingedien word om voldoening te verseker.

HOE STAAN SAKE MET DIE VOORSIENING VAN GROND VIR NOOD- EN ANDER BEHUISING IN OVERSTRAND?

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Dudley Coetzee, het die Raad op Woensdag 30 Mei 2018 toegespreek oor die voorsiening van grond vir nood- en ander behuisingsbehoeftes. Sedert die aanvang van die onrus op 23 Maart 2018 het Burgemeester Coetzee, lede van die burgemeesterskomitee en die administrasie in gesprek getree met leiers wat verteenwoordigend is van geaffekteerde mense vanuit verskeie gemeenskappe oral in Overstrand se munisipale gebied. In wese word daar geëis dat Munisipaliteit Overstrand noodbehuising verskaf vir gesinne wat in agterplase woon en wat uitgebuit word deur eienaars van eiendomme deurdat hulle aan oorbewoning, buitensporige huurgeld, ensovoorts onderwerp word. Verskeie behuisingsprojekte wat deur die provinsiale en nasionale regering befonds gaan word, is in die pyplyn vir Overstrand, het die Burgemeester gesê. Desnieteenstaande is 'n ooreenkoms bereik om die kwesbaarste gesinne ten opsigte van Zwelihle, Masakhane, Stanford en Overhills by wyse van die volgende reëlings van hulp te wees:

- Noodbehuising sal verskaf word op gedeeltes grond wat vir toekomstige behuisingontwikkelings geoormerk is.
- In Zwelihle en Stanford, onderskeidelik, sal ongeveer 150 persele ontwikkel word.
- In Masakhane is twee gedeeltes grond geïdentifiseer wat 'n soortgelyke getal persele behoort te akkommodeer.
- Geaffekteerde gesinne in Kleinmond sal vanaf die area langs die stroom en reservoir verskuif word na 'n stuk grond wat aan die bestaande informele nedersetting grens. In hierdie verband het gemeenskapsleiers onderneem om saam met die administrasie daaraan te werk om binne die grense van die informele nedersetting ruimte te skep vir kwesbare gesinne.

Ooreenkomstig die bepalings van die provinsiale departement van menslike nedersettings, is die minimum vloerruimte vir noodbehuising 12 m2 (3 m x 4 m). In die geval van bomaat-, individueel geaffekteerde gesinne kan die administrasie egter 'n groter vloerruimte voorsien indien nodig. Ongeag vloerruimte moet 'n boulyn van minstens 1 meter rondom elke informele eenheid gehandhaaf word ten einde brandveiligheid te bevorder. In die geval van Zwelihle is daar ooreengekom dat die gemeenskap die munisipaliteit/provinsie van 'n lys van die kwesbaarste, potensiële begunstigdes vir noodbehuisingsopsies sal voorsien. Hierdie lys sal geverifieer word teen die behuisingsvraagdatabasis na mate dit op Munisipaliteit Overstrand betrekking het en slegs potensiële huiseienaars wat vir die eerste keer 'n huis gaan ontvang, sal geakkommodeer word. Verskeie sper- en teikendatums is bespreek en daar is hieroor ooreengekom met leiers wat die geaffekteerde gemeenskappe verteenwoordig, met inbegrip van wyksraadslede en wykskomiteelede wat hierdie vergaderings bygewoon het. Tans is die munisipaliteit se hoogste prioriteit om bekostigbare, gedienste persele beskikbaar te stel vir behuising in Mount Pleasant en Westdene. Die behuisingsprojek wat tans in Hawston in aanbou is, sal 378 HOP-huise en 107 gedienste erwe voorsien. Onlangs is verskeie eise egter vanaf die Hawston-gemeenskap in die vorm van 'n petisie ontvang. Die items wat in die petisie vervat is, is op 28 Mei 2018 tydens 'n vergadering met gemeenskapsleiers en raadslede bespreek en 'n skriftelike antwoord word tans voorberei.

LET WEL: STRENGER WATERBESPARINGSMAATREËLS GELD NOU

Die dalende vlakke van die De Bos-dam (Hermanus se vernaamste waterbron, uitgesonder die boorgate) is 'n rede tot kommer. Ongelukkig, ondanks 'n goeie reaksie op die beroep om water spaarsaam te gebruik, het die reën wat oor die afgelope paar maande uitgesak het, min daartoe bygedra om die situasie te verlig. Gevolglik het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, raadsheer Dudley Coetzee, tydens 'n Raadsvergadering op Woensdag 30 Mei 2018 strenger waterbesparingsmaatreëls vir die Groter Hermanus-area afgekondig. Sedert 1 Junie 2018 geld vlak 2-waterbeperkings in die Hermanus-area. Hierdie maatreëls het in hoofsaak betrekking op die gebruik van munisipale water om tuine nat te lei. Inwoners mag hul tuine slegs vir EEN UUR per dag, vóór 09:00 of ná 17:00, EEN DAG per week natlei. Die dag per week word ooreenkomstig straatnommers bepaal. Vir inwoners met gelyke nommers sal dit SLEGS Woensdae wees, en vir diegene met ongelyke erfnommers sal dit SLEGS Donderdae wees. Die gebruik van besproeiingstelsels word steeds toegelaat maar, onthou, slegs vir een uur. Die was van voertuie en bote word ook hierdeur geraak, en kan voortaan slegs met 'n emmer en 'n lap gedoen word. Die afspuit van harde oppervlakke of plaveisel word verbied. Die benatting van plante in kwekery ensovoorts vir kommersiële doeleindes word vrygestel van die waterbeperkings, en die beperkings geld ook nie vir kommersiële motorwasserye nie. Alle fonteine en boorgate moet by die kantoor van die areabestuurder(s) geregistreer word, en verbruikers moet seker maak dat hulle 'n gepaste kennisgewing in hierdie verband aanbring wat duidelik vanaf 'n openbare deurgang sigbaar is. Hierdie maatreëls het slegs betrekking op die administratiewe area van Hermanus, met ander woorde alle residensiële gebiede vanaf Benguela Cove deur Fisherhaven tot by Voëlklip. Ander administratiewe areas binne Overstrand word nie deur hierdie maatreëls geraak nie aangesien hulle waterbronne steeds voldoende is. Die eerste vlak van waterbeperkingstariewe gaan ook vanaf die voormelde datum geld. Die tarief vir huishoudelike watergebruik tot op 6 kℓ per maand sal nie styg nie. Die tariewe vir huishoudelike gebruik bó 6 kℓ per maand sal met 30% styg. Die watertarief vir alle nie-huishoudelike gebruik sal ook met 30% styg.

Onthou, elke druppel wat jy vandag spaar, is more twee keer soveel werd.

MOET JY MET SAID PRAAT? HULLE IS BINNEKORT IN JOU AREA

9 Julie 2018, Kleinmond
Plek: Proteadorp-gemeenskapsaal
Tyd: 10:00-15:00

10 Julie 2018, Hermanus
Plek: Mount Pleasant Moffat-saal
Tyd: 09:00-15:00

11 Julie 2018, Gansbaai
Plek: Gansbaai-gemeenskapsportgronde
Tyd: 09:00-15:00

12 Julie 2018, Hermanus
Plek: Mount Pleasant Moffat-saal
Tyd: 09:00-14:00

NETWERKVORMING TUSSEN ONDERNEMINGS, TOERISME EN MUNISIPALITEIT OVERSTRAND

Die Burgemeester, onderburgmeester en munisipale bestuurder het hierdie geleentheid van Hermanus se Sakekamer by Benguela Cove bygewoon

Hermanus se Sakekamer het op Woensdag 16 Mei 'n netwerkvormingsessie tussen verteenwoordigers van die sake- en toerismesektor en Munisipaliteit Overstrand by Beguela Cove se Moody Lagoon-restaurant gehou. Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee en sy gade Shirley was daar, en so ook onderburgemeester Elnora Gillion en haar gade Craig, en munisipale bestuurder Coenie Groenewald en sy gade Rita. In totaal is die geleentheid deur 120 verteenwoordigers van die sake- en toerismesektor van oral oor in Overstrand bygewoon - van Pearly Beach tot by Pringlebaai. Daar was selfs twee besoekers vanuit Dubai! Die tema was die bemarking van toerisme-aantreklikhede in ons area, en Overstrand se toerismebestuurder Frieda Lloyd het 'n uitstekende voorlegging oor digitale bemarking gedoen. John Floyd het Floyd & Lloyd se ontdekkingstogte toegelig, waarvolgens voertuie deur Ford en Nissan Hermanus geborg word. Die Hermanus-sakekamer streef na nouer samewerking tussen ondernemings, toerisme en die plaaslike regering tot voordeel van die plaaslike ekonomie. Hulle bied ook opleidingsessies aan. Tans nooi hulle sakeondernemings uit om hul werknemers in te skryf vir gratis opleiding in diensuitnemendheid wat deur die Wes-Kaapse departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme aangebied word. Nadere besonderhede en inskrywingsvorms is beskikbaar by ceo@hermanuschamber.co.za. Die opleidingsessies sal gedurende Junie en Julie plaasvind, en voorsiening is gemaak om 200 werknemers op te lei. Hierdie projek word ook deur Whale Coast-toerisme ondersteun. Die Sakekamer se volgende geleentheid met die tema "Finding ways for closer collaboration" gaan op Donderdag 21 Junie gehou word. In hierdie verband sal die haalbaarheid van die daarstelling van 'n oorkoepelende liggaam bespreek word, soos 'n Cape Whale Coast-sakekamer/forum waarop alle partye verteenwoordiging geniet maar steeds hul unieke aard en rol in die gemeenskap behou. Sakemense vanuit alle gemeenskappe kan by Hermanus se Sakekamer aansluit. Vir meer inligting en nadere besonderhede oor geleenthede wat beplan word, rig 'n e-pos aan Alta Pretorius by ceo@hermanuschamber.co.za.

KALFIEFEES BELOOF HOPE VERMAAK

Die *Hermanus Times* Kalfiefees vind vanjaar vanaf Woensdag 8 Augustus tot Sondag 12 Augustus plaas en beloof om weer eens top Afrikaanse teaterproduksies na Hermanus te bring.

Die feesprogram bied 'n ietsie vir 'n ieder en 'n elk:

- Vir die ernstige teaterliefhebber is daar dramas uit die boonste rakke soos "Die reuk van appels" en "Soebatsfontein".
- Om die lagspiere te prikkel, is daar uitstekende komedies soos "Lag 'n slag" en "Operasie Holm", en op Saterdag 11 Augustus beloof almal se gunstelinggrapjas, Marc Lottering, om sy gehoor te laat skaterlag.
- Musiekliefhebbers kan uitsien na groot name soos Coenie de Villiers, Elvis Blue en Danièle Pascal, terwyl die optrede deur Stellenbosch se universiteitskoor beslis 'n hoogtepunt gaan wees.
- Daar is ook boekbesprekings en kinderteater om na uit te sien.

Moenie hierdie uitsonderlike fees misloop nie. Besoek www.kalfiefees-hermanus.co.za vir meer inligting en maak seker dat jy jou kaartjies betyds via Computicket (0861 915 8000) bespreek.

CRÈME DE LA CRÈME: SA SE TOP JONG MUSIKANTE GAAN OPTREE

Op Sondagmiddag 22 Julie gaan musiekliefhebbers in Overstrand behoorlik getrakteer word wanneer die crème de la crème van 2017 se Nasionale Jeugmusiekkompetisie op Hermanus se verhoog verskyn. Gilah Kellner (violis en algehele wenner), David Cyster (wenner in die kategorie klarinet en blaasinstrumente) en Emilio February (marimba en algehele tweede plek) gaan solo- en ensemblewerke speel, begelei deur Elna van der Merwe op die klavier. *Die konsert begin om 15:30 in Hermanus se ouditorium. Kaartjies kos R150 (R60 vir studente) en is beskikbaar by die toerismekantoor (028 312 2629) in Mitchellstraat, Hermanus. Rig navrae aan René du Plooy by 082 940 4238.*